DEEL 115 | WEEK 48 | 1 DESEMBER | 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# OK Mini Mark gaan groot wees







Daar is groot opwinding oor die OK Mini Mark wat volgende Woensdag in die sentrale sakegedeelte van Heilbron open. Die Du Toit-familie, wat amper sinoniem is met die OK handelsmerk het die geleentheid raakgesien nadat Spar se deure meer as 'n jaar gelede op daardie perseel gesluit het. Jan du Toit, wat sy vierde OK open, vertel dat Heilbron sy tuiste is. Sy seun, André du Toit, bly in Heilbron en sal amper altyd in die winkel te sien wees.

Hulle het ook drie bestuurders, waarvan Rianda, 'n vorige bestuurder van Bultfontein, en haar man, Gerhardt van Wyk, asook Anzelle Lesch, 'n bekende in Heilbron. Die Du Toit-familie se doel is om goeie gehalte produkte aan die gemeenskap te voorsien, sowel as die uitstekende diens waarvoor die familie bekend is. Hulle OK Foods in Bultfontein het in 2022 die OK van die Jaar-toekenning gewen.

André vertel dat hulle probeer om hul pryse so goedkoop en kompeterend as moontlik vir die gemeenskap te maak. Die nuwe werkers is nie vreemd vir die gesin nie, en 80% van die werkers wat tans by hulle aangesluit het, werk al oor die 10 jaar saam met hulle. Jan is al vir 14 jaar in die OK-bedryf en weet presies wat dit van hom vereis om 'n suksesvolle OK te bestuur.

Die parkeerarea is vergroot om meer kliënte te akkommodeer. Vars groente en vrugte word drie maal per week afgelewer. Vir diegene wat 'n bietjie dors het, is daar ook 'n klein koffie kiosk. Die voorkoms van die OK Mini Mark is uiters netjies, en Jan is van mening dat "hoekom nie iets mooi maak nie as jy die geleentheid het, en sodoende bydra tot die ontwikkeling van die dorp nie?". Jan en sy gesin is bly om weer 'n diens te lewer in die dorp waar hulle mense is, en is gereed om ou kliënte te verwelkom.






# AGS bring Kersvader na Heilbron



Op 24 November het Kersvader en Kersmoeder 'n draai in Heilbron kom maak. Hulle het hul tradisionele slee en takbokke geruil vir 'n regte plattelandse rit met 'n trekker en sleepwa deur die dorp. 'n Groep "elfies" het saamgery en 'n feestelike atmosfeer geskep. Lekkergoed pakkies is aan elke kind en kraai uitgedeel. Die AGS jeug het seker gemaak dat niemand deel is van hierdie vreugdevolle aand en het begin deur 'n besoek aan Huis Bron-van-Heil te bring. Oral waar die klein "elfies" gestop het, het vreugde geheers terwyl hulle lekkernye aan die bejaardes oorhandig en drukkies uitgedeel het. Die waardering op die gesigte van die ontvangers was duidelik. Kersvader se drywer het die geselskap geneem om die res van die dorp te besoek. Dit was 'n mooi gebaar van liefdadigheid en help om die gemeenskap in die regte stemming te bring vir die feesseisoen. Die Jeug van die AGS-Kerk het werklik 'n verskil gemaak in die harte van die Heilbron-gemeenskap.



# Modelle is propvol kreatiwiteit



*René Putter - 2de Prinses.*

**• *Anita Buitendag***

Model Manifest modelle het deelgeneem aan 'n vrywillige kreatiewe fotografiese opdrag volgens 'n spesifieke tema ("My Hotness Makes Winter Chill") wat oor 'n durasie van 'n aantal maande gestrek het.

Die kompetisie was oop vir modelle van alle Manifest takke landswyd om gratis aan deel te neem. Modelle het die geleentheid aangegryp om hul eie unieke idees volgens tema, kreatief met fotografie uit te beeld.

René Putter van Heilbron tak was as 2de Prinses uitgewys, waarna Katheen Broodryk as 1ste Prinses gekies was en Bella Fernandes gekroon was as Heilbron Tak se Wenner. Bella Fernandes was ook as die Algehele Wenner van Model Manifest takke uitgewys.



*Kathleen Broodryk - 1ste Prinses.*



*Bella Fernandes Heilbron tak wenner asook Algehele tak wenner.*

# UIT DIE PEN: Week 48 van 202



Wanneer laas is jy teleurgesteld? Werklik, diep teleurgesteld?

Ek praat nie hier van jou hoop om hierdie maand by jou begroting te bly of om meer inkomste te ontvang nie. Ook nie die wete dat jy weereens, in 2023, die Comrades misgeloop het nie.

Ek praat van daardie diep teleurstelling wat so op die krop van jou maag gaan lê en jou hele wese laat bewe.

Ek het iemand geken wat baie goed onderlê was in beleide en wette. Jy kon hom enige iets vra. Die antwoord sal voorafgegaan word deur 'n beskrywing van 'n paar terme, waarmee jy dalk nie so bekend is nie. Daarna 'n tydsame verduideliking, wat moontlik 'n skets of twee, ter illustrasie, sou oplewer.

In my enigheid het ek baie gewonder oor sy kennis, en heimlik gewens dat ek eendag presies dieselfde kennis, en dalk nog meer, sou hê. Die persoon sou iets van 'n heeltemal ander invalshoek af beskou. Hy het baie selfvertroue gehad, omdat hy geweet het waarvan hy praat.

Man, om vir 'n paar minute by die voete van die Wysheid te sit, was my begeerte.

Daar was egter 'n kraak in die persoon se mondering. Ek het mettertyd agtergekom dat sy selfvertroue net te veel raak. Hy sou besluite neem wat heeltemal buite sy mandaat was, dit probeer regverdig en enige een wat nie soos hy gedink het nie, plat te vee. En agterna daaroor glimlag.

Hy sou vra om hulp, en as hy dit nie kry nie, jou by die baas gaan verkla. Met verskeie klagtes soos dat jy nie bekwaam is nie, of dalk nie die ekstra myl vir hom wil stap nie. 'n Paar dae later, wanneer jy wel tyd het om hom te help, sou hy weer na die baas toe hardloop met lofsange oor jou werk.

Dit, terwyl ek en die persoon op dieselfde vlak aangestel is.

Ek het wel eenkeer vir die persoon gesê dat ek nie eintlik vir hom werk nie. Hy het dit nie baie goed hanteer nie.

Op 'n dag het ons baas agtergekom dat hy allerhande onderduimshede bekonkel. Hy het ons bymekaar geroep en daaroor gesels. Die persoon het aggressief begin terugveg (gelukkig net met die mond), maar ons baas het voet by stuk gehou: jy is uit lyn uit.

Daardie aand bedank die persoon. Los alles net so in die lug en daar gaan hy. Ons moet al die kastaiings uit die vuur krap. Hy het geld aan elke Jan Rap en sy maat beloof, sonder om dit met ons bestuur uit te klaar.

Ek was so teleurgesteld dat die persoon nie klaargemaak het wat hy begin het nie. Dat hy almal net so ge-drop het. Maar elkeen maak seker sy eie besluit. En moet daarmee saamleef.

Dan is daar Petro. Die vrou wie ek sedert 2017 ken. Sy kom af en toe die huis skoonmaak. Onlangs het ons 'n skoonmaker by die kantoor nodig, en ek beveel haar so ewe aan vir die pos. Ons stel haar aan om vier dae per week te kom skoonmaak.

Een warm middag gaan koop ek vir my roomys, en bêre dit in die werk se yskas. Ja, dis moeilikheid soek, want wie gaan nou die roomys uitlos?

'n Week daarna onthou ek van die roomys, en jou waarlik: dis skoonveld. Tesame met iemand se koeldrank. Ek besluit om op die CCTV te gaan kyk wie die dief is.

Groot is my verbasing toe ek sien hoe Petro haar aan ons maatskappy se melk help. Twee bokse melk. Een groot boks vol tee. Twee dae tevore, sien ek, 'n roomysbak vol suiker. En so kan ek aangaan.

Ek bewe van die skrik. Miskien eerder van die teleurstelling. Hierdie is iemand wat ek selfs in my huis toegelaat het. Wat het sy alles weggedra? En dit is nie dat sy nie goed betaal word nie.

Ek en my kollega bestudeer ons dissiplinêre kode en sien dat ons twee die gedelegeerde mag het om haar in te roep. Ons maak ook so.

"Onthou jy van my roomys?"

"Ja."

"Jy het gesê dat jy dit nie geëet het nie."

"Ek het gedog dit is Lydia s'n."

"Dus het jy dit geëet?"

"Ja, maar ek het gedink dis Lydia s'n."

"Het jy my daarvan gesê?"

"Nee."

"Het jy al ooit iets van hierdie maatskappy gevat wat nie aan jou behoort nie of wat nie aan jou gegee is nie?"

"Nee, nooit." Verontwaardiging.

"Jy weet ons het CCTV in die kantore?"

"Ummm, ja. Hoekom?"

Ek haal die lys uit met datums, tye en wat sy ingepak het. Sonder toestemming.

Sy word bleek. Ek bewe al hoe meer. My teleurstelling sit vlak.

"Jy weet dat ek jou aanbeveel het vir hierdie pos? En kyk wat maak jy."

Sy is verslae.

Wanneer hierdie ding gebeur wonder ek altyd waaroor die skuldige skuldig voel: dat hulle die verkeerde daad gepleeg het of omdat hulle uitgevang is?

Die uiteinde van die saak was dat daar strafmaatreëls ingestel is.

Vandag se les is dat die lewe 'n emmer vol teleurstellings saambring. Jou vriende, familie, kollegas en kennisse stel jou soms teleur. Soms stel jy jouself teleur.

Maar dit is wat jy daarmee maak wat saak maak. Ons hoef nie ander mense ten volle, vir ewig te vertrou nie. Maar ons kan stelselmatig weer leer om die respek te herstel.

Ek sien hoe Petro harder werk, eers kom vra wanneer sy iets nodig het. En ek hoop dit hou vir ewig aan.

Wie weet? Dalk is ek die volgende persoon wie iemand anders teleurstel.

Oor eersgenoemde persoon het ek nog my bedenkinge. As iemand nie glo dat hulle iets verkeerd gedoen het nie, gaan niks daardie vertrouensbreuk herstel nie. Petro probeer. Die ander persoon nie.

Jy het vandag die geleentheid om te besluit of jy weer die moeite werd gaan wees om te vertrou. Dis in jou hande.

# INSPIRASIE RESEPTE - Pasch du Plooy



## CHOCOLATE TART

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – 60 minutes
Serving – 8 - 12 people

**INGREDIENTS FOR THE FOR THE PRETZEL CRUST**
1/2 cup unsalted butter, softened
100g coarsely crushed pretzels
3/4 cup castor sugar
1/2 cup all-purpose flour
1 large egg
60 g melted dark chocolate
Zest of 1 large orange

**INGREDIENTS FOR THE CHOCOLATE FILLING**
350 g dark chocolate
½ cup condensed milk
1 cup evaporated milk
Maldon salt and pretzels for serving
Candied oranges for garnish

**FOR THE CRUST**
In a stand mixer fitted with the K mix, beat the butter, ½ the pretzels and castor sugar on low until creamy. Beat in the flour, egg and the remaining pretzels. Between two sheets of plastic wrap, pat the dough into a disc. Chill in the refrigerator for at least 30 minutes.

Preheat the oven to 180 degrees celcius. Roll out the dough between the plastic wrap sheets into a 30cm circle. Remove the top piece of plastic wrap and flip the dough into a large tart pan. Press the dough into the sides of the pan patching any tears. Remove the other sheet of plastic wrap. Trim the excess dough and chill in the refrigerator for 30 minutes or until firm. Line the shell with parchment and fill with pie weights. Bake for 30 minutes until the dough is almost cooked through. Remove the parchment and weights and continue cooking until set, an additional 10-15 minutes.

Cool the shell completely before brushing with the melted bittersweet chocolate and sprinkle with orange zest.

Chill in the refrigerator for 10 minutes.

**FOR THE FILLING**
Place the chocolate in a large bowl. In a small saucepan over medium heat, bring the condensed milk and evaporated milk to boil. Pour the milk over the chocolate and let stand for 5 minutes before gently whisking until smooth. Cool to room temperature, about 1 hour.

Pour the chocolate filling into the shell and chill in the refrigerator until set, at least 4 hours. Sprinkle with sea salt, pretzels and garnish oranges

**HOW TO SERVE**
Serve at room temperature with a dollop of crème fraiche or whipped cream.




# Heilbron hou die beste vir laaste

Die krieketveld van Heilbron was 'n slagveld tydens die kragmeting tussen twee gedugte spanne waartydens Heilbron die beste vir laaste gelaat het. Met 'n indrukwekkende kolfvertoning het Heilbron die teiken van 158 lopies wat Route 66 daargestel het behaal deur 'n konstante kolftempo te handhaaf. Tydens Route 66 se kolfbeurt het Heilbron met konstante boulwerk Route 66 se kolwers in toom gehou en beperk tot 157 lopies. Die span van Heilbron het 'n kompeterende teiken van 158 lopies in die 15de beurt bereik, met Danie Riechardt, Pieter Bronkhorst, en Armand Smit wat uitgeblink het met die kolf. Die uitstekende vangkanse van Pieter Baan en Pieter Bronkhorst het gehelp om twee van die besoekers se top kolwers uit te haal. Hierdie uitstekende vertonings het die besoekende span se pogings om 'n groter telling aan te teken, ontwrig. Heilbron se kaptein, Irfan Arshad, het van voor gelei en is ook as speler van die wedstryd aangewys. Sy indrukwekkende telling van 49 lopies vanaf 23 balle, met 5 sesse en 4 viere, het die span na die oorwinning gelei. Arshad het ook sy vaardighede as bouler onderstreep deur 3 paaltjies vir 'n slegs 30 lopies te laat kantel.

Met die liga wat breek vir die feesseisoen, kan spelers en ondersteuners uitsien na die hervatting van die T35-reeks op 13 Januarie 2024. Die span bedank graag al die ondersteuners vir hul ondersteuning en sien uit na die uitdagings wat die komende jaar se T35-reeks mag bied. Tot dan, mag die feesseisoen 'n tyd van rus en viering wees vir die Heilbron-span. Baie dankie aan almal, en ons sien uit na die opwindende krieket-aksies in die komende jaar!




*Op die foto vl: Irfan Arshad en Pieter Baan.*

[redacted]




5.5KW PETROL KRAGOPWEKKER MET SELF START TE KOOP


Kragopwekker in baie goeie toestand. Baie min gebruik. Rede vir verkoop, het Inverter laat installeer. Prys R9 000.00.
**Skakel Johan Lamprecht by 072 101 8517**






Resmed Inverter DC + battery om CPAP masjien van krag te voorsien tydens beurtkrag. Net 2 maande gebruik alles in goeie toestand. Prys R1 900.00.
**Skakel Johan Lamprecht by 072 101 8517**










# Geloftefees

## *16 Desember 2023*




# Bronnies groet

## *Mnr David en Annatjie Knight*

Hoërskool Heilbron het op 24 November afskeid geneem van twee kosbare lede van sy gemeenskap - Meneer David en Annatjie Knight. Hulle het nie net diep voetspore op die skool se terrein gelaat nie, maar ook in die harte van elke leerder en personeellid. Meneer David is kwansuis deur die Departement uit sy kantoor "ontbied". By die rugbyveld het daar vir hom en Annatjie 'n paar verrassings gewag. Daar het hulle saam met die grondslagfase boeresport gedoen, danspassies vir Graad 4-6 geleer en saam met die Graad 7-9 leerders was daar fiksheidsoefeninge gedoen. Vir die senior leerders, Graad 10-12, was daar later 'n gesellige braai saam met Meneer David en tannie Annatjie. Dit was 'n lekker geleentheid om saam te kuier en herinneringe te deel. Meneer David en tannie Annatjie het nie net 'n aktiewe rol in die skool gespeel nie, maar hulle het ook 'n blywende indruk gemaak op elke Bronnie. Hul wysheid, liefde en toewyding sal vir altyd 'n spesiale plek in die harte van die gemeenskap hê. Afskeid mag dalk 'n tydelike vaarwel wees, maar die nalatenskap van hierdie twee wonderlike individue sal voortleef in die erfenis van Hoërskool Heilbron.








# KENNISGEWINGS

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T24009/2001** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **ALLEN JOHN NORMAN, Identity number: 640910 5081 084** and **MARTHA NORMAN, Identity number: 660918 0185 086** in respect of certain **ERF 186, SANDERSVILLE, (EXTENSION 1) DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE. IN EXTENT: 372 (THREE SEVEN TWO** square meters which has been lost or destroyed.
Al interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 1st day of NOVEMBER 2023.
**Applicant: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**Address: 40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**Email address: aktesa@corven.co.za**
**Contact number: 058 852 2035**

## KENNISGEWING

KENNISGEWING in die **BOEDEL VAN WYLE HERMINA SUSANNA GROENEWALD**
Identiteitsnommer: 330309 0054 08 6 in lewe 'n Pensioenaris woonagtig te Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810, weduwee.
Datum van afsterwe: 29 Oktober 2022
**BOEDELNOMMER: 010764/2022**
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## NOTICE

In the Estate of the late **ANSIE ELIZABETH PIETERS, Identity Number 390422 0015 08 5,** Widow, born on the 22nd of April 1939 and who died on the 15th of July 2023, of the Huis Bron-van-Heil, Apartment 27, Nr 1 Langmark Street, HEILBRON, 9650.
**ESTATE NUMBER: 8223/2023**
All persons having claims against the above Estate are hereby called upon to lodge their claims with the undermentioned within a period of 30 (THIRTY) days from the 1st DECEMBER 2023.
Dated at Parys on the 22nd day of November 2023.
**COETZEES ING**
**ATTORNEYS FOR EXECUTOR**
**25 BUITEN STREET**
**P O BOX 5, PARYS, 9585**
**(REF. ME Y BLOMERUS/MP/MAT 8183)**

## KENNISGEWING TER INSAE LEGGING

Van: **Spies**
Voorname: **Sophia Elizabeth Johanna**
Identiteitsnommer: **480622 0002 089**
Geboortedatum: **22 Junie 1948**
Laaste adres: **Huis Bron-van-Heil, Langmarkstraat, Heilbron, 9650**
Datum oorlede: **9 Desember 2022**
**BOEDELNOMMER: 1291/2023**
Meesterskantoor: **Bloemfontein**
Geliewe kennis te neem dat die Eerste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogemelde boedel by die Landdroskantoor te Heilbron en die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein ter insae sal lê vir 'n tydperk van 21 dae en wel vanaf Vrydag 1 Desember 2023.
Geteken te Parys op hierdie 17de dag van November 2023.
**ATTIE DU PLOOY BOEDELBEREDDERAAR**
**KERKSTRAAT 24**
**PARYS, 9585**
**verw: sej/adp**

Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **14 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.
Fabriek sluit **14 Desember** & winkel sluit **20 Desember 2023**.
Fabriek & winkel open **8 Januarie 2024**.

## KENNISGEWING

In die boedel wyle: **THERESA DOROTHY SYMES**
Gebore: **1951-10-25**
Identiteitsnommer: **5110250095082**
**BOEDELNOMMER: 007071/2023**
Adres: **EEUFEES STRAAT 33, PETRUS STEYN, 9640**
Datum van afsterwe: **2023-05-27**
Krediteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 01/12/2023.
**AGENT:**
**VAN ZYL - FOURIE PROKUREURS**
**REITZSTRAAT 16 / POSBUS 109**
**PETRUS STEYN, 9640**
**TEL: 083 547 9244**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35(5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (First and Final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **008960/2022**
Surname: **Claasen**
First Names: **Christina Magdalena**
ID Nr.: **430228 0023 082**
Last address: **1 De Wet Street, Petrus Steyn, 9640**
Description of account if other than first and final:
**First and Final**
Period of inspection (if other than 21 days): **21 Days**
Magistrate's Office: **Petrus Steyn**
Master's Office: **Bloemfontein**
**Advertiser name: Van Zyl - Fourie Attorneys**
**Advertiser address: 16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
**Advertiser E-mail: michael@vzfattorneys.net**
**Date submitted: 2023-11-22**
**Advertiser Tel: 083 547 9244**
**Publication in the**
**Government Gasette on: 2023-12-01**





DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com







2024 DESKPADS NOU BESKIKBAAR
Deskpads
R27-50 elk
44 Els Street
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald
Office National


# TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort,
Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

**POSTNET HEILBRON**
**FESTIVE SEASON TRADING HOURS**
Normal Trading Hours: Monday - Friday: 08:00 - 16:30
Saturday: 09:00 - 12:00

Friday 15th Dec. - Closed Public Holiday
Saturday 16th Dec. - Closed Public Holiday
Sunday 17th Dec. - Closed

Monday 18th - Friday 22 Dec. - Normal trading hours

Saturday 23rd Dec. - Closed
Sunday 24th Dec. - Closed
Monday 25th Dec. - Closed Public Holiday
Tuesday 26th Dec. Closed Public Holiday

Wednesday 27th - Friday 29th Dec. -
Normal trading hours

Saturday 30th Dec. - Closed
Sunday 31st Dec. - Closed

Monday 1st Jan. - Closed Public Holiday
Tuesday 2nd Jan. - Normal trading hours

Elsstraat 42, HEILBRON | Tel: 058 853 0006


# SMALLS


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!





# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*


SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Heilbron atlete reg vir Laerskool Interprovinsiale Kampioenskappe

Die opwinding en voorbereiding vir die nuwe atletiekseisoen is in volle swang. Twee jong atlete, Gerrit du Plooy en RJ Muller, het die afgelope paar Saterdae hul talente by die DP de Villiers Stadion tydens die Atletiek Vaaldriehoek se byeenkomste ten toon gestel. Beide het kwalifiserende afstande en tye behaal om deel te neem aan die Interprovinsiale Kampioenskappe. Hierdie opwindende geleentheid vind vanaf 2 Desember plaas by die Lillian Ngogi Stadium in Secunda.

RJ Muller, 'n talentvolle jong atleet, gaan sy vaardighede toets in die O/9-kategorie vir die 60m en 80m wedlope. Sy doel is duidelik: om sy teenstanders te laat stof sien as hy die baan betree en sy spoedvaardighede ten toon stel.

Gerrit du Plooy het homself as 'n waardevolle deelnemer bewys deur sy indrukwekkende vertonings in die O/9-diskus en gewigstoot. Sy krag en tegniek in hierdie twee kategorieë het hom 'n definitiewe plek in die span besorg.

Die kompetisie gaan Saterdagoggend afskop met Gerrit du Plooy se deelname aan die gewigstoot item om 9h30. Daarna is dit tyd vir die opwindende 60m en diskus om 11h00. Die dag sluit af met die 80m waaraan RJ deelneem.



*Op die foto: RJ Muller en Gerrit du Plooy.*

# Gerrie gaan vir goud

Verlede Saterdag het heelwat spelers ingeskryf vir gewone spel, nie eens die hittegolf kon hul entoesiasme demp nie. Gerrie Muller het die dag gewen met 'n merkwaardige IPS van 42 punte. Gerrie het ook die "2 Club" gewen, wat beteken dat hy sy bal met twee houe kon inslaan. Jackie Leonard het ook baie goed gespeel en die tweede plek behaal.

Môre is die laaste maandelikse HBA beker vir 2023 op die spel. Indien jy nog nie een gewen het nie, verbeter jou waarskynlikheid om te wen met 100%, mits jy inskryf.

Die klubdag & presidentsdag word gekombineer en die datum is vasgestel vir 9 Desember. Lede en nie-lede is welkom om saam gholf te speel. Die aand word daar 'n kerspartytjie gehou en daarna word heerlike potjiekos bedien. Kinders onder twaalf sal almal 'n geskenkpakkie ontvang. Die klub nooi almal uit om die aand saam te geniet.



*Op foto: Gerrie Muller (wenner) & Delareyz Smit (tesourier).*








BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 4 DESEMBER 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 5 DESEMBER 2023**

KLERKSDORP Vetvee veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Mamus Becker 082 873 2002

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**WOENSDAG - 6 DESEMBER 2023**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

MADADENI Halfjaarlikse veiling
Stoffel Mouton 082 329 0225

**DONDERDAG - 7 DESEMBER 2023**

FRANKFORT BKB/Telwiedre Voere Vetveeveiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Kersveiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

HLUHLUWE 2-maandelikse veiling
Stoffel Mouton 082 329 0225

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**VRYDAG - 8 DESEMBER 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



